

- **ALGEMEEN**

Vra asseblief die kandidate om nie deur die vraestel te jaag nie en die instruksies behoorlik te lees voordat hulle die vraag beantwoord.

Sommige vrae het betrekking op senario's wat gegee word en kandidate moet die senario lees voordat hulle die vraag beantwoord.

Maak seker dat kandidate alle tyd tot hulle beskikking gebruik en dat alle antwoorde in volsinne beantwoord word as hulle daarom gevra word.

Kandidate moet geleer word hoe om vrae soos vraag 1 en 2 te beantwoord, omdat hulle geneig is om spasies te los en meer as een letter te gebruik vir 'n antwoord. Terminologie en die korrekte definisie moet onderrig word. Moenie 'n opsomming van die definisie maak nie.

- **VRAAG 1**

Oor die algemeen is die vraag goed beantwoord. Kandidate moet die vraag deeglik lees voor hulle dit beantwoord en deur middel van 'n proses van eliminasië die korrekte antwoord bepaal. Stel die kandidate in kennis dat daar geen oop spasie in veelkeusevrae moet wees nie. Hoërordevrae moet ook gevra word sodat hulle weet hoe om die vraag te beantwoord.

- **VRAAG 2**

Hierdie vraag is baie swak beantwoord. Kandidate ken nie terminologie nie en kies net antwoorde lukraak. Kandidate mag nie die letter twee keer gebruik nie en kan ook nie twee antwoorde gee nie.

- **VRAAG 3**

Let asseblief op dat graad 10- en 11-werk van groot belang is by hierdie vraag. Maak seker dat die kandidate die verskil tussen 'n vervaardiger en die verwerkernaam ken.

Leer asseblief die kandidate die volgende konsepte, tabuleer, verduidelik, onderskei die verskille tussen, vergelyk, sodat hulle gewoon raak aan die terminologie wat in die vraestel gebruik word.

- **VRAAG 4**

Hierdie vraag is swak beantwoord. Die funksies van die bedryfstelsel is nog steeds 'n groot probleem met kandidate en onderwysers. Maak asseblief seker dat kandidate die funksie en verduidelikings deeglik ken. Die funksies moet in volsinne beantwoord word as dit so gevra word.

Kandidate moet die basiese werkverrigting van die rekenaar ken. Sommige kandidate kies antwoorde wat nie eens in die lys is nie.

- **VRAAG 5**

Kandidate moet asseblief die vraag deeglik lees voordat hulle dit beantwoord. Motiveer en verduidelik is twee konsepte waarmee hulle baie sukkel. Konsentreer asseblief weereens op terminologie.

- **VRAAG 6**

Hierdie vraag was die swakste beantwoord. Kandidate dink hulle kan dit op algemene kennis beantwoord. Onderwysers moet asseblief klem lê op hierdie afdeling en dit nie as selfstudie gee nie. Terminologie is weer belangrik.

A memorandum sal op die Rekenaarstudie-lys verskyn om te sien hoe vrae kan beantwoord word.